# GEMEENTEDIAKONAAT AS PLAASVERVANGER VIR STAATSONDERSTEUNDE SINODALE BARMHARTIGHEIDSDIENS IN DIE NED.GEREF.KERK

## 'n Langverwagte "noodwendige" regstelling

Ds. André Oosthuizen[1]
Prof. Piet Strauss[2]

### Opsomming

Die diakonaat van die Ned. Geref. Kerk het veral vanaf 1934 tot 1994 op die basis van die sogenaamde "volksteologie" en "Boere-Calvinisme" en volgens die riglyne van die "volksheropbouprogram" (VHP) ontwikkel. Gedurende hierdie periode het die "volksdiakonaat" tot die mees omvangryke en hoogs gespesialiseerde sinodaal-beheerde en staatsgesubsidieerde diens van die kerk ontwikkel. Verskeie persone en sinodes het na die deformasieverskynsel in die kerklike diakonaat verwys en het 'n diakonale reformasie bepleit. Die roeping van die kerk om 'n koinoniale gemeente en gemeenskap te wees en te word, is ten diepste 'n roeping tot selfverloëning en kruis opneem.

### Summary

The deaconate of the Dutch Reformed Church developed especially from 1934 to 1994 on the basis of the so-called "national theology" and "Boer Calvinism" and along the guidelines of the "National Reconstruction Programme" (NRP). Between these years the "national deaconate" developed into the most comprehensive and highly specialised synodal-managed and state-subsidized service of the church. Various people and synods reflected on the deformation phenomenon in the ecclesiastical deaconate and propagated a "deaconal reformation". The vocation of the church to be and to become a coinonial deaconal congregation and community is fundamentally a vocation towards self-denial and taking up the cross.

1 Ds. André Oosthuizen, NG Gemeente Hugenoot, Normandielaan 76, Bayswater, Bloemfontein.

2 Prof. Piet Strauss, Fakulteit Teologie, UOVS, Bloemfontein.

# 1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLEND

Die Ned.Geref. Kerk is tans op soek na oplossings vir die dilemma waarin hy met sy barmhartigheidsdienste beland het. Verskeie aanleidende faktore kan as oorsaak hiervan aangedui word, maar die mees voor die handliggende oorsaak is die regeringsverandering in Suid-Afrika (SA) in April 1994.

Die Ned.Geref. Kerk het gewoond geraak aan die voorkeurbehandeling wat hy van die vorige Suid-Afrikaanse regering ontvang het. Vanaf 1934 het die kerk en die staat die destydse armblankevraagstuk in vennootskap met mekaar aangespreek. Hierdie vennootskapsbenadering wat vir beide kerk en staat sekere voordele ingehou het, en wat in sy eertydse gestalte tot in 1994 voortgeduur het, is vandag - om verskeie sosio-politieke redes - op die weegskaal. Die nuwe Regering van Nasionale Eenheid (RNE) se Heropbou en Ontwikkelingsprogram (HOP) het die vorige "Volksheropbouprogram" (VHP) van die staat en die kerk vervang. Met hierdie beleidsverandering word die voortbestaan van die bestaande diakonale dienste bevraagteken, aangesien die kerk hierdie dienste grotendeels met staatsteun bedryf het.

'n Herevaluering hiervan het 'n kerkregtelike verantwoording noodsaaklik gemaak. Die staatsondersteunde barmhartigheidswerk van die kerk moes noodwendig kerkregtelik-prinsipieel evalueer word ten einde prinsipieel-begronde suggesties vir die toekoms daar te kon stel. Vanuit hierdie hoek is die verhouding tussen die staat en die kerk ten opsigte van welsyns- of barmhartigheidsdiens ondersoek. Daar is tot die gevolgtrekking geraak dat daar 'n direkte verband tussen direkte staatsbetrokkenheid (of onbetrokkenheid) by kerklike barmhartigheidsdienste en respektiewelik die ondoeltreffende (of doeltreffende) funksionering van laasgenoemde is.

Die staat (Romeine, Grieke ens.) het vanaf die vroegste tye finansieël of andersins bygedra ter bekamping van armoede. Staatsubsidies is meestal as 'n noodsaaklike bron van diakonale inkomste gereken, maar dit het telkens ook probleme vir die kerklike diens ingehou. Die kerk was verantwoording verskuldig aan die staat wat die fondse voorsien het, en sekere voorwaardes daaraan verbonde gestel het. 'n Verdere probleem wat ontwikkel het, is dat terwyl die kerklike diens op makro- of sinodale

vlak goed georganiseerd geraak het, die diakonieë in gemeentes verval het tot 'n blote kollekteeramp.

Hierdie probleme en die gevolge van die moontlike opskorting van staatsubsidies vir die barmhartigheidsdiens van die Ned. Geref. Kerk moet verreken word. Gemeentediakonaat as plaasvervanger vir staatsondersteunde sinodale barmhartigheidsdiens blyk nie slegs 'n moontlike uitkoms te wees nie, maar ook 'n kerkregtelik-prinsipiële regstelling.

## 2 SKEEFGETREKTE BARMHARTIGHEIDSDIENS

Barmhartigheid, of koinoniale gemeentediakonaat, is die handeling van die Drie-enige God in hierdie wêreld waardeur Hy Homself aan mense in nood openbaar. Die sondeval het hierdie handeling van God nie net noodsaaklik gemaak nie, maar het ook die praktiese toepassing daarvan deur die kerk as instrument aangetas (Rom. 8:19-23). Gevolglik moes die kerk voortdurend waak teen 'n "skeefgetrekte" (Oosthuizen 1995:3) vorm van diakonale diens.

Verskeie eksterne faktore het die wese van die kerk se diakonaat beïnvloed. Die kerk se verhouding met die staat was in hierdie verband bepalend. In tye wanneer hierdie verhouding goed was en die kerk op staatsteun kon reken om sy diakonale diens mee te verrig, het sy diakonale amp verval. So het die kerklike diakonaat onder staatsbeskerming deur Konstantyn die Grote in die vierde eeu onpersoonlik en liefdeloos geraak, sonder barmhartige bewoëndheid (De Klerk 1990:60). Die feit dat die kerk na 380 n.C. "staatskerk" (Biesterveld 1907:68) geword het, het die staat in 'n magsposisie selfs oor die kerk se "diaconale gaederen" (Biesterveld 1907:69) geplaas. In tye van vervolging en wanneer die kerk algeheel of self daarvoor moes instaan, het sy gemeentediakonaat na wense gefunksioneer.

In die middeleeue het 'n tydperk van verdere deformasie en selfs absolute diakonale verval ingetree. Diakonale bewoëndheid is verruil vir werkheiligheid en die gee van aalmoese vir die armes. Dit ontaard in 'n poging om "de zonden te delgen" (Bouwman 1907:567). Die prinsipiële hervorming van die Reformasie is ook vertraag deur oormatige staatsinmenging. Alhoewel die reformatoriese beginsels in SA oorgedra is, het dieselfde "staat-kerk" verhoudingsprobleem hom alhier herhaal.

# 3 VOLKSHEROPBOUPROGRAM (VHP) GEÏMPLEMENTEER

Aanvanklik was die Ned. Geref. Kerk grotendeels op sy gemeentediakonaat aangewese, maar hierdie patroon het drasties verander toe die Ned. Geref. Kerk en die Suid-Afrikaanse staatsowerheid gesamentlik die nood van die armblanke begin aanspreek het. Teen die einde van die negentiende eeu het armoede onder die blanke bevolkingsgroepe sterk na vore getree en as 'n landsprobleem ontwikkel. Aangesien die gemeentediakonaat nie in staat was om die nasionale probleem op te los nie, het die kerk die oplossing van die probleem op sinodale vlak in plaas van op gemeentevlak gesoek. Hierdie optrede van die kerk het direk daartoe aanleiding gegee dat die staat homself meer teruggetrek het en die werk aan die kerk en die verenigings oorgelaat het. Hiermee het die Ned. Geref. Kerk noodwendig die weg gebaan vir die "uitbouing van sinodale werksaamhede" (De Klerk 1990:91).

Die "meer gekompliseerde aard en grootse omvang" (Oosthuizen 1995:29) van die kerk se barmhartigheidstaak het daartoe aanleiding gegee dat die Kaapse Sinode van 1915 op 'n "meer gespesialiseerde" metode besluit het. Die Sinode se nuutgestigde "Commissie voor de Inwendige Zending" (Acta Sinode Kaap 1915:78) se opdrag om vir die behartiging van die diens 'n organiserende sekretaris en ander amptenare aan te stel, sou die weg baan vir die totstandkoming van 'n sinodale spesialisdiens. Die ander sinodes het ook later hierdie weg gevolg.

Verskeie volkskongresse wat vanaf 1916 gehou is, het daartoe bygedra om die kragte rondom die armblankevraagstuk saam te snoer. Tydens die 1934-Kimberleykongres, wat gehandel het oor die "Armblankevraagstuk en al sy aspekte", het die staat en die Ned. Geref. Kerk 'n vennootskapsooreenkoms aangegaan. Die Ned. Geref. Kerk en die staat het onderneem om die vraagstuk gesamentlik aan te spreek. Die kongresgangers was gemotiveerd deur 'n "onuitblusbare volksgevoel" (Oosthuizen 1995:37). Dr. W.M. Nicol, wat as voorsitter opgetree het, het in sy openingsrede die hele Afrikanervolk tot aksie opgeroep toe hy onder andere gesê het: "Niemand kan teenoor hierdie volksroeping onverskillig staan nie ... Die Armblankevraagstuk het die besigheid van die hele volk geword. Ons moet ons mense red" (Du Toit 1934:12).

Die kerk sou vir die godsdienstige, sosiale en maatskaplike opheffing verantwoordelikheid aanvaar, terwyl "die staat wat die beurs van die volk het, sal moet instaan vir die meer kosbare deel van die opheffingswerk in al sy uiterlike aangeleenthede" (Du Toit 1934:13).

By die 1934-Kimberleyvolkskongres het die Ned. Geref. Kerk en die Suid-Afrikaanse staat na vore getree as twee kante van dieselfde volkheidshouding. Die begrippe kerk en staat is vrylik gebruik as die twee kante van die volk as Corpus Christianum. Naas die Bybelse motief vir armeversorging was die "volksmotief van volksopheffing" (Botha 1986:83) sterk teenwoordig. Kerkleiers het die armesorgaksie van die Ned. Geref. Kerk "sonder skroom" voorgedra as "deur en deur 'n volksaksie" (Botha 1986:83). Dr D.F. Malan het op die 1934-Volkskongres 'n beroep op die kerk gedoen om betrokke te raak by die opheffing van die Afrikaner. Hy het die kerk beskou as die middel in die hand van God "om onze volk te leiden en te vormen en onze kerk is tans nog de waarborg van onze nationaliteit" (Botha in Ons Land 6 Julie 1915).

Die staatsondersteunde sinodale barmhartigheidsdiens het dus in die dertigerjare ontstaan tydens dié "Neo-Calvinistiese herlewing" (Strauss 1993:332) in die Ned. Geref. Kerk en Suid-Afrika. Dié Kuyperiaanse Neo-Calviniste van die dertigerjare is beïnvloed deur die "volksromantiese" sy in Kuyper se denke toe hulle die Afrikanervolk as deel van God se verbondsvolk van sg. ondergang wou red. Die 1934-volkskongres, die werksaamhede van die voortsettingskomitee en die gesamentlike aanpak van die armblankevraagstuk deur die kerk en die staat adem die gees van Kuyperianisme en die Neo-Calvinisme. Die Ned. Geref. Kerk is sodanig deur hierdie beïnvloedingslyn meegesleur, dat hy dikwels die evangeliese uitgangspunt vir kerklike diakonaat uit sig verloor het.

Die vennootskapsooreenkoms tussen die Ned. Geref. Kerk en die staat het aan die kerklike diakonaat 'n "ideologiese" volksmotief gegee wat die toepassing van die kerkregtelik prinsipiële beginsels bemoeilik het. Die Ned. Geref. Kerk het die nood van die blanke Afrikaner wetenskaplik, sosiologies benader, sonder om homself teologies te verantwoord.

Die diakonaat van die Ned. Geref. Kerk het veral vanaf 1934 tot 1961 op die basis van die sg. "volksteologie" en "Boere-Calvinisme" en volgens die riglyne van die "volksheropbouprogram" (VHP) ontwikkel. Hiervolgens was die kerk en die staat die twee pilare waarop die heropbouprogram van die Afrikaner gesteun het. As mederolspelers het beide die kerk

en die staat 'n verantwoordelikheid in eie kring gehad. Die staat het verantwoordelikheid aanvaar vir die ekonomiese opheffing en die kerk vir die geestelike. Dié twee verantwoordelikheidskringe het oorvleuel in die maatskaplike opheffing wat as gemeenskaplike verantwoordelikheid aanvaar is. Hierdie vennootskapsbeleid het aanleiding gegee tot die stigting van die eertydse Departement Volkswelsyn in 1937.

Aangesien die staat verantwoordelik was vir die ekonomiese opheffing, moes hy die "maatskaplike diens" wat deur die kerk aangebied is, subsidieer. Op aandrang van die Ned. Geref. Kerk is die subsidiestelsel herhaaldelik hersien, aangepas en verbeter.

Ten einde die kerk se finansiële bronne, waaruit hy die balans tussen die staatsubsidie en die werklike uitgawes moes finansier, aan te vul, is 'n beroep op groter offervaardigheid by die lidmate gedoen. Hieruit het die "kwota of puntestelsel" (Acta Sinode Kaap 1945:180) voortgekom waardeur elke gemeente medeverantwoordelik gehou is vir die sg. "volkswelsynswerk" van die sinodes. Hierdie bydraestelsel is later uitgebrei om ook ander sinodale werksaamhede te akkommodeer.

Volksideologiese staatsondersteunde sinodale barmhartigheidsdiens of "volksdiakonaat" in die Ned. Geref. Kerk het vanaf 1934 tot 1994 tot die mees omvangryke diens van die kerk ontwikkel. In die volgende tabel word die uitbreiding van die Ned. Geref. Kerk se barmhartigheidsdienste vanaf 1934 tot 1994 uitgebeeld:

| JAAR | 1934 | 1994 |
|---|---|---|
| 1. Kinderhuise en ander jeugsentra | 17 | 48 |
| 2. Tehuise, dienssentra en behuisingskemas vir bejaardes | 4 | 158 |
| 3. Ander inrigtings | 11 | 40 |
| 4. Maatskaplike Rade | 0 | 134 |
| Totaal | 32 | 380 |

Bron: Oosthuizen 1995:91.

Hierdie ontwikkeling het meegebring dat 'n hoogs gespesialiseerde diens binne die kerk tot stand gekom het wat alleen op 'n wetenskaplike wyse en volgens ekonomiese beginsels bestuur kon word. Dit het 'n tweërlei resultaat tot gevolg gehad.

Eerstens was hierdie diens té omvangryk om deur die gemeente en haar diakonaat bestuur te word. Gevolglik was dit 'n sinodaal bestuurde diens waarvoor toegeruste amptenare afgesonder moes word. Met die klem op die sinodaal-georganiseerde diens het die gemeentediakonaat verder verval. Zeeman (1957:50) tipeer die begin van die diakonale verval in die Ned. Geref. Kerk so vroeg as 1916 toe die kerk in 'n toenemende mate bewus geword het van die feit dat daar 'n "deformasie" was in verband met die diakenamp en dat "heroriëntasie dringend noodsaaklik is".

Tweedens het die vervlegtheid met staatsbetrokkenheid meegebring dat hierdie diens van staatsteun afhanklik geraak het. Die kerk was verplig om hierdie diens binne die statutêre riglyne van die staat te bedryf, ten einde vir staatsondersteuning te kon kwalifiseer. Dit het dikwels spanning ten opsigte van die toepassing van kerkregtelik-prinsipiële standpunte meegebring. Die Ned. Geref. Kerk was egter voortdurend bereid om sy optrede te laat evalueer en om homself prinsipieel te verantwoord. Die verbroedering tussen die kerk en die staat en die afhanklikheid van staatsteun het die toepassing van die beginsels egter vertraag. Prof. F.J.M. Potgieter het reeds in 1949 die vraag gevra of die kerk nie "sondig teen God" deur sy diakonale roeping "in die hande van die staat" te laat oorgaan nie (Die Jaarboek 1949). Ten spyte van profetiese waarskuwings, is die makro-barmhartigheidstelsel stelselmatig uitgebrei.

Die Ned. Geref. Kerk het sy diakonale werksaamhede hoe langer hoe meer gesentraliseer ten einde beter koördinasie te verkry. Hierdie beweging sou verder gestimuleer word met die totstandkoming van die Algemene Sinode (AS) en die Algemene Kommissie vir Diens van Barmhartigheid (AKDB) in 1962.

In die tussentyd het opbouende rassespanning binne Suid-Afrika ook nie die Ned. Geref. Kerk onaangeraak gelaat nie. Gebeurlikhede soos die Cottesloe-beraad van 7 tot 14 Desember 1960 en die invloed van die sg. "sestigers" het die winde van verandering ook in die Ned. Geref. Kerk laat waai. Die sg. "volksteologie" of "civil theology" (Moodie 1975:12) met sy wortels in die geloof dat God die Afrikaner gekies het met 'n spesifieke doel, is op die Cottesloeberaad en daarna krities bespreek. Die kerk sou vanaf 1962 redelik besig bly met besinning oor en verdediging van sy uitgangspunt oor afsonderlike ontwikkeling en "aparte" dienste vir die verskillende bevolkingsgroepe. "Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif" (1974) en "Kerk en Samelewing"

(1986; 1990) sou later as besprekingsdokumente dien om die gesprek van en met die Ned. Geref. Kerk te struktureer.

## 4 "GEMEENTEDIAKONAAT" I.P.V. "VOLKSDIAKONAAT" BEPLEIT

Die belangrike van hierdie tydperk is dat die Ned. Geref. Kerk oor sy uitgangspunt van afsonderlikheid en geslotenheid in gesprek begin tree het; 'n gesprek wat uiteindelik die beginsels waarop die "Volksheropbouprogram" (VHP) gesteun het, sou bevraagteken en gemeentediakonaat sou propageer en bevorder.

Die Ned. Geref. Kerk het veral sedert 1954 ernstig begin besin oor die toestand van sy diakonaat. Die tydperk tussen 1954 en 1994 kan allerweë beskou word as die voorbereiding vir die "diakonale reformasie" in die Ned. Geref. Kerk. Verskeie sinodes het oor die deformasieverskynsel in die kerklike diakonaat besin en sekere doelwitte is as oplossing daarvan aangebied.

Die Natalse Sinode het in 1954 besin oor die "skeidslyne" (Acta Sinode Natal 1954:178) tussen kerklike diakonaat en kerklike of ander welsynsorganisasies. Hierdie sinode het die oorsaak vir die feit dat die barmhartigheidsdiens uit die hande van die gemeentediakonaat geneem is, toegeskryf aan die feit dat die kerk "geslaap" het en dat die diakonie "onbekwaam" vir sy taak was (Acta Sinode Natal 1954:179).

Die 1957-Natalse Sinode het 'n studiestuk oor gemeentediakonaat behandel en belangrike prinsipiële riglyne vir gemeentediakonaat beklemtoon. Hierdie sinode het die kerk weereens opgeroep om sy diakonaat te herstel en om aan die diakens die bevoegdheid te skenk om ten opsigte van die diakonale diens "selfstandig" (Acta Sinode Natal 1957:176) te kan optree. Die Ned. Geref. Kerk moes barmhartigheidswerk nie langer as "volksvraagstuk" beskou nie, en die "met kollekteerwerk oorlaaide" diakonieë moes vir hulle dienswerk toegerus word (Acta Sinode Natal 1957:179).

Die Transvaalse Sinodes van 1959 en 1961 het prinsipieel oor die diakonaat besin. Op die eerste Algemene Sinode is besin oor die "skriftuurlike grondslag" en die "beleid en metode" waarvolgens die verskillende barmhartigheidsdienste gelewer moes word (Acta Algemene Sinode 1962:167). Hierna sou 'n periode van herorganisasie en reglementering van die bestaande dienste volg.

Die Sinode van Suid-Transvaal het in 1963 besorgdheid uitgespreek dat die gemeentediakonaat "nie op Skriftuurlike grondslag" bedryf is nie. 'n Nuwe konsepreglement is opgestel met inagneming van duidelik omlynde "beginsels en praktiese oorweginge" (Acta Sinode S.Tvl. 1963:135). Hierdie sinode het nog steeds volstaan met die beskouing dat kerklike barmhartigheid gelewer moet word aan sorgbehoewende "geloofs- en volksgenote" (Acta Sinode S.Tvl. 1963:136).

Die Algemene Sinodes van 1966, 1970, 1974 en 1978 het ook gepoog om die gemeentediakonaat te herstel, maar die poging was meer gerig op die herstel van die "beeld van die diens van barmhartigheid" (Acta Algemene Sinode 1978:580) as op vernuwing daarvan.

Die jaar 1982 kon egter beskou word as 'n koerswysiging. By hierdie sinode word die trillings van 'n diakonale reformasie bespeur as daar 'n "diakonale gemeenteopset" (Acta Algemene Sinode 1982:197) binne die Ned. Geref. Kerk in die vooruitsig gestel is. Die Algemene Sinodes van 1986 en 1990 sou verder versigtig oor die implementering hiervan besin, maar die werklike draaipunt sou eers in die jaar 1994 wees.

## 5 GEMEENTEDIAKONAAT: "NOODWENDIGE" REGSTELLING

Die reformatoriese proses waarin die Ned. Geref. Kerk met sy diakonaat veral vanaf 1954 verkeer het, het in 1994 'n draaipunt bereik. Verskeie eksterne faktore het die proses help bespoedig. Die bewindsoorname van die Regering van Nasionale Eenheid (RNE) in April 1994, is tegelykertyd ook die einde van die era van die "vennootskapsbeleid" tussen die staat en die Ned. Geref. Kerk. Die Algemene Sinode van 1994 (Acta Algemene Sinode 1994: 268) weerspieël reeds die verandering wat ten opsigte van die staat-kerk-verhouding ingetree het as dit nou beskryf word in terme van "samewerking" en nie meer in terme van 'n "vennootskap" nie. Die rede vir hierdie klemverskuiwing word deur die sinode verklaar as 'n "logiese" stap aangesien die term "vennootskap" "onder druk" gekom het. Die diakonale diens behoort van nou af "gemeentesentries en 'grass-roots'-gerig" te wees (Acta Algemene Sinode 1994: 260). Laasgenoemde term ("grass-roots-gerig") word ook deur die politici van die RNE gebruik. Sou dit 'n voortydige teken daarvan wees dat die Ned. Geref. Kerk weer eens (soos in 1934) besig is om met die staat te

verbroederlik, of is dit 'n eerlike poging om werklik liggaam van Christus in 'n wêreld in nood te probeer wees?

Die taak wat in die negentigerjare vir die Ned. Geref. Kerk voorlê, sal in geen opsigte 'n maklike een wees nie. As die kerk enigsins relevant en gehoorsaam wil wees in 'n land met ongekende ekonomiese, sosiale en maatskaplike vraagstukke, sal hy uit sy lugverkoelde vertrekke en agter sy konferensietafels moet uitbeweeg om die koinoniale nood van alle mense op voetsoolvlak ("grass roots level") aan te spreek.

Die visie van die kerklike diakonaat sal eerstens verbreed moet word om alle mense in nood in te sluit. Tweedens sal dit gekonsentreer moet word op die ware barmhartigheid, naamlik die hésed (wat "solidariteit", "lojaliteit" beteken) en die "reg" (mispat) en "geregtigheid" (sedek of sedeqa) (Verhoef 1982:231). Dit sal moet rekening hou met die sg. "grensfigure" (De Klerk 1982:223) wat ook as "voorwerpe" (Verhoef 1982:232) van die verbondsvolk se liefdesdiens afhanklik is. Met sy "diepe fundering in God" (De Klerk 1976:8) en sy sentrale beginpunt die nagmaal as "dynamisch midden" (Karres 1969:72) van die uitbringende gemeentediakonaat, sal die kerk weer relevant raak in 'n wêreld met ongekende nood.

Daar gaan selfs groter eise gestel word aan die koinoniale gemeentediakonaat as aan die eertydse sinodale staatsondersteunde barmhartigheidsdiens onder die vennootskapsbeleid.

- Sowat 32 % van die blanke bevolking leef nou onder die "bestaansminimum", terwyl die vergelykende syfer tydens die "armblanke-tydperk" in die jare dertig op 15,8 % bereken is (Die Volksblad 1 Julie 1993:8).
- In 1934 het die Ned. Geref. Kerk hoofsaaklik die armblankevraagstuk aangespreek, maar vandag is die kerk betrokke by 'n uitgebreide nasionale vraagstuk. Die skokkende gevolgtrekking van Wilson en Ramphele (1989:x) is dat 50 % van die algemene bevolking, 61 % van die algemene swart bevolking en 81 % van die eertydse tuislandgesinne onder die minimum bestaanspeil leef. Hierdie feite moet geïnterpreteer word teen die agtergrond dat 30 % van die arbeidsmag in die land reeds in 1990 werkloos was (Rossouw s.a.:10).
- Die terrein wat deur die gemeentediakonaat bedien moet word, is veel breër as in die dertigerjare. Bo en behalwe die armoede- en werkloosheidsvraagstukke, bestaan daar vandag die dreigende vigs-

gevaar, depressie as die siekte van die tyd en 'n koinoniale nood van die moderne mens wat vervreemd geraak het. Vervreemding as gestalte van die koinoniale nood dui op "vereenzaming, ontworteling, heimatverlies" (Van Dongen 1964:ix). Dit is veral in periodes van ingrypende kulturele en sosiale verandering en van toenemende mobiliteit van mense en bevolkingsgroepe dat hierdie probleem akuut word. Die SA-bevolking ly tans hieraan en die kerk het die roeping om juis die koinoniale nood met sy koinoniale gemeentediakonaat aan te spreek.

- Die kerk sal nie soos in die geval met die vorige volksheropbouprogram van 1934 op staatsteun kan reken vir sy diakonale diens nie. Die RNE se welsynsprogram, die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP) vorm deel van die uitvoering van sy politieke beleid en die deelhebbers hieraan sal hiermee moet rekening hou. Die doel van die HOP is om die "people affected", die agtergeblewe gemeenskappe mee op te hef; dit word as oplossing van die "poor-black problem" aangebied. In die HOP Witskrif word slegs vyf sleutelprogramme uitgesonder as die belangrike loodsaksies, naamlik die volgende: "Meeting Basic Needs, Developing our Human Resources; Building the Economy; Democratising the State and Society; Implementing the RDP (RDP White Paper 1994:7). Hiervolgens blyk dit duidelik dat die kerk die gemelde beleid van die RNE sal moet onderskryf ten einde te kwalifiseer vir staatsteun. Dit sou 'n herhaling van die verbroedering met die staat soos in die vorige bedeling tot gevolg hê; prinsipieel sou 'n tweede vennootskapsooreenkoms nie regverdig kan word nie.

Vir die Ned. Geref. Kerk lê 'n "era van afskaling" voor. Aan die ander kant is die roeping van die kerk om die sluise van die charismata, wat in oorvloed in die honderdduisende lidmate van die kerk opgesluit lê, oop te trek sodat die volle krag van die goddelike barmhartigheid en weldadigheid sigbaar en voelbaar sal wees in 'n land en kontinent vol nood en ellende. Die era van afskaling sal dan ook die era van verantwoordelikheid word. As die gemeente, onder leiding van die diakonale amp, hierdie verantwoordelikheid opneem en dit as daadgetuienis elke dag uitleef, sal die Ned. Geref. Kerk getransformeer word tot die volle heerlikheid van haar bruidegom, Jesus Christus en tot waardige vaandeldraer van die ware Evangelieboodskap van God in Jesus Christus.

# 6 AANBEVELINGS

## 1. Diakonale diens

- Die benaming "Barmhartigheidsdiens" verander na "Diakonale Diens".
- Die benaming Ringskommissie vir Diens van Barmhartigheid (RKDB) verander na Ringskommissie vir Diakonale Diens (RKDD).
- Die benaming Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid verander na Sinodale Kommissie vir Diakonale Diens (SKDD).
- Die benaming Algemene Kommissie vir Diens van Barmhartigheid verander na Algemene Kommissie vir Diakonale Diens (AKDD).
- Die kerkraad se Barmhartigheidskommissie ontbind en die Diakonie neem die verantwoordelikhede oor.
- Die Vrouediens se onderkomitee vir barmhartigheidsdiens skakel by die diakonie in of ontbind en die diakonie neem die werksaamhede oor.
- Die diakenamp word afgesonder vir die doeleindes van koinoniale gemeentediakonaat.
- Indien nodig, benoem die kerkraad in sommige of alle wyke wykswerkers (kollektante) om die insamelingstaak en ander administratiewe take wat tans deur die diakens gedoen word, te behartig.
- Die diakonie vergader apart sowel as saam met die ouderlinge.
- Diakens moet verteenwoordig wees op alle meerdere vergaderings ten einde self verslag oor die Diakonale Diens te lewer.

## 2. Gespesialiseerde inrigtingsorg

- Gesinne en gemeentes sal sover moontlik self verantwoordelikheid moet aanvaar vir hulle hulpbehoewendes.
- Inrigtings sal op 'n besigheidsgrondslag deur 'n kerklike nutsmaatskappy of onafhanklike welsynsorganisasies bedryf moet word en werklike *per capita* uitgawes sal gehef moet word. Bowendien ontbreek dit die kerk en sy diakonaat as kerk aan die deskundigheid om gespesialiseerde inrigtingsorg te bedryf. Kundige lede sal op die direksie van die nutsmaatskappy of bestuur van die onafhanklike welsynsorganisasie benoem moet word om die inrigting namens die kerk te bestuur. Die kerk het as kerk wel belang by die voortbestaan

van sulke inrigtings, maar dit sou beter wees as diakonieë en gemeentes 'n ondersteunende in plaas van leidende rol in hulle omgewing by hierdie inrigtings speel.

- Die koinoniale gemeente (of gemeentes indien meer gemeentes by 'n inrigting betrokke is) en haar diakonaat sal die inwoners moet ondersteun en bystaan. Inwoners wat nie die dienste kan bekostig nie, sal deur die gemeentediakonaat ondersteun moet word. Daarom sal die diakonie ten nouste met die bestuur van die inrigting moet saamwerk en verkieslik op die bestuur verteenwoordig moet wees.
- Inrigtings wat nie binne hierdie "nuwe" struktuur ekonomies en onafhanklik van staatsteun kan voortbestaan nie, sal vir die doeleindes van die HOP beskikbaar gestel moet word.

## 3. Samewerking met die staat en HOP

- Gemeentediakonaat en die staat se welsynsdiens is twee afsonderlike en onafhanklike dienste met verskillende doelwitte.
- Die kerk behoort sy lidmate aan te moedig om mekaar en die wêreld met die koinonia en die diakonia te bedien en om sover moontlik by die staat se Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP) betrokke te wees.
- 'n Vennootskap of samewerkingsooreenkoms tussen die kerk en die staat ten opsigte van die HOP is prinsipieel nie in orde nie, aangesien die kerk 'n diakonale diens lewer en die staat met sy diens uitvoering gee aan sy politieke beleid.
- Beide kerk en staat behoort saam te werk om die nood van mense te verlig, maar elkeen doen dit op sy eie wyse.

# Bibliografie

ACTA, KERKARGIEF BLOEMFONTEIN
1915. Handelingen der drie en twintigste vergadering van de synode der Ned. Ger. Kerk in Zuid-Afrika, gehouden te Kaapstad, op den 14 den October en volgende dagen.

ACTA, KERKARGIEF BLOEMFONTEIN
1945. Handelinge van die dertigste vergadering van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, gehou te Kaapstad, 18 Oktober 1945 e.v.d.

ACTA, KERKARGIEF BLOEMFONTEIN
1954. Handelinge van die vierde driejaarlikse en 70ste vergadering van die Sinode van die Ned. Geref. Kerk van Natal gehou te Pietermaritzburg, 7 April 1954 e.v.d.

ACTA, KERKARGIEF BLOEMFONTEIN
1957. Handelinge van die vyfde driejaarlikse en 71ste vergadering van die Sinode van die Ned. Geref. Kerk van Natal gehou te Pietermaritzburg, 10 April 1957 e.v.d.

ACTA, KERKARGIEF BLOEMFONTEIN
1962. Handelinge van die 1e vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk (asook van die Konferensie en die ontbinding van die raad van die kerke), gehou te Kaapstad, Donderdag 11 Oktober 1962 e.v.d.

ACTA, KERKARGIEF BLOEMFONTEIN
1978. Handelinge van die 5de vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, gehou te Bloemfontein, Woensdag 18 Oktober 1978 e.v.d.

ACTA, KERKARGIEF BLOEMFONTEIN
1982. Handelinge van die 6de vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, gehou te Pretoria, 12-22 Oktober 1982.

ACTA, KERKARGIEF BLOEMFONTEIN
1994. Handelinge van die 9de vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, gehou te Pretoria, 11-20 Oktober 1994.

ALGEMENE SINODE VAN DIE NGK
1974. Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif. Pretoria: NG Kerkuitgewers.

BIESTERVELD P, VAN LONKHUIZEN J. & RUDOLPH R.J.W.
1907. Het diaconaat: Handboek ter dienste der diaconieën. Hilversum: J.H. Witzel.

BOTHA A.J.
1986. Die evolusie van 'n volksteologie. Teks en konteks 4. Publikasies van die Universiteit van Wes-Kaapland: U.W.K. Drukkery.

BOUWMAN H.
1907. Het ambt der diakenen. Kampen: Kok.

DE KLERK J.J.
1976. Weldadigheid en mededeelsaamheid. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

DE KLERK J.J.
1990. Die diens van barmhartigheid en die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery.

DU TOIT P. (Samesteller)
1934. Verslag van die volkskongres oor die armblankevraagstuk. Kimberley, 2-5 Oktober. Kaapstad: Nasionale Pers.

JAARBOEK VAN DIE FEDEREERDE GEREF. KERKE
1949. Kaapstad: Nasionale Pers.

KARRES D.J.
1969. De gemeente en haar diaconaat. 's-Gravenhage: Boekencentrum.

MOODIE T. DUNBAR
1975. The rise of Afrikanerdom. Power, apartheid and the Afrikaner civil religion. Londen: University of California Press.

OOSTHUIZEN A.
1995. Gemeentediakonaat as plaasvervanger vir staatsondersteunde sinodale barmhartigheidsdiens in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. 'n Kerkregtelik-prinsipiële benadering. Ongepubliseerde D.Th.-proefskrif. Bloemfontein: U.O.V.S..

R.D.P. WHITE PAPER
1994. Discussion document. Kaapstad: C.T.P. Books.

ROSSOUW P.J.
[s.a.]Die gemeente as diakonale gemeenskap in die jare '90. Bloemfontein: sn.

STRAUSS P.J.
1993. Abraham Kuyper, ras en volk - en Suid-Afrika. In die Skriflig 27(3):323-336.

VAN DONGEN J.C.
1964. Vervreemding en Dienst. Gravenhage: Boekencentrum N.V.

VERHOEF P.A.
1982. Barmhartigheidsdiens: Enkele Ou Testamentiese begrippe. Ned Geref Teologiese Tydskrif. 23(3):230-235.

DIE VOLKSBLAD
1 Julie 1993:8.

ZEEMAN M.T.
1957. Die armsorgwerk van die Ned. Geref. Kerke in Suid-Afrika. Bloemfontein: Sacum.